

God gaan ons bevry, sê gewese prins

GOSEN. - Daar heers opgewondenheid onder die Israelitiese dwangarbeiders hier sedert hulle gehoor het dat hulle God hulle gaan bevry. Dié goeie nuus is gister aan die Hebreuse leiers oorgedra deur Moses seun van Amram, wat pas uit ballingskap na sy mense in Egipte teruggekeer het.

Moses het destyds land-uit gevlug nadat hy 'n Egiptiese slawedrywer vermoor het. Maar nou, ná 'n ballingskap van veertig jaar in Midian, is hy terug om sy mense te kom help.

Volgens Moses het die Here het by die berg Horeb aan hom verskyn met die opdrag om na sy mense terug te gaan. (Sien die berig elders in hierdie uit gawe.) God het hulle nood raak gesien, het Moses die leiers verseker. God het besluit om hulle te laat terugkeer na Kanaän, die land van hulle voorvaders, wat Hy beskryf het as "‘n land wat oorloop van melk en heuning".

Die Israelitiese leiers het eenparig besluit om vir Moses af te vaardig om namens hulle met die farao te gaan onderhandel oor hulle vertrek. Hulle het ook Moses se ouer broer Aäron versoek om hom by te staan. Na verwagting sal die farao nie maklik sy toestemming gee nie, aangesien die Israeliete deur die jare 'n gerieflike bron van gratis arbeid vir sy groot bouwerke was. Tog is hulle vol vertroue dat hulle sal slaag, omdat hulle God aan hulle kant is.

- Lees meer hiervan in [Eks. 3:1-18; 4:27-31](#).

ONTMOETING ONTSTELLEND ÉN HEERLIK SÊ MOSES

GOSEN. - "Om die lewende God te ontmoet, is 'n ontstellende, maar tegelykertyd ook 'n heerlike belewenis." Só het Moses sy rare ondervinding by die berg Horeb

aan die Israelitiese leiers hier beskryf.

Moses het vertel dat hy sy skoonpa, Jetro, se kleinvee opgepas het toe hy 'n doringbos sien brand. Dit was vir hom vreemd dat die bos nie uitbrand nie. Hy het nader gegaan om ondersoek in te stel, en toe praat God met hom uit die doringbos! Hy het eers nie beseef wat aangaan nie, totdat God hom beveel het om sy skoene uit te trek omdat hy op heilige grond staan.

“Ek was baie bang. Die enigste gedagte wat deur my kop geflits het, was dat ek 'n onwaardige sondaar is. Maar terselfdertyd het daar so 'n heerlike rustigheid en vrede oor my gekom – dit was eenvoudig ongelooflik!”

- Lees hiervan in [Eks. 3:1-6](#).

Nuwe profeet kasty volk in oordeelsboodskap

JERUSALEM. – Nadat die profetestem lank in Juda stil was, het daar nou 'n nuwe profeet na vore getree. Hy is Jesaja seun van Amos.

Net soos sy kollegas in die noordelike buurstaat Israel, Amos van Tekoa en Hosea seun van Beëri, het Jesaja nie gehuiwer om die oordeel van die Here te verkondig nie. In 'n dringende oproep tot bekering het hy gister die volk vergelyk met die goddelose stede Sodom en Gomorra, en gesê God is moeg vir die holle godsdienstige rituele. Tensy hulle hulle hartgrondig bekeer, sal die land 'n puinhoop word as God se oordeel hulle tref. “Maar genadetyd is nog nie verby nie. Nóú is die tyd om die saak met God uit te maak,” het Jesaja gesê.

- Lees hieroor in [Jes. 6](#) en [1:1-20](#).
-

Die Bybelkoerant

Sonder vrees

'n Mens kan jou dit skaars voorstel: 'n vuil, ellendige sondaarmens in die teenwoordigheid van die vlekkelose, heilige God van hemel en aarde.

Dit was die ondervinding van Moses en Jesaja. En albei krimp ineen van vrees. Jesaja roep uit (6:5): “Dit is klaar met my! Ek is verlore! Elke woord oor my lippe is onrein, en ek woon onder 'n volk van wie elke woord onrein is. En nou het ek die Koning gesien, die Here die Almagtige.”

En tog bly hy leef, want God stuur 'n seraf om hom met 'n kool van die altaar te reinig. En Moses bly leef, want God beveel hom om op 'n afstand te bly.

Ons lees van nog iemand wat voor God verskyn het: Jesus Christus. Vir Hom was daar nie 'n gloeiende kool van versoening nie. Hy kon nie maar net op 'n afstand bly staan - Hy moes tussen hemel en aarde hang, deur God verlaat, verwerp! Dáár sien ons werklik die verskrikking van die sonde. Hy kon nie bly leef ten spyte van die sonde nie - óns s'n, nie Syne nie. Hy sterf daar op Golgota. Jesaja voorspel dit in [53:5](#): “Oor óns oortredings is hy deurboor, oor óns sondes is hy verbrysel; die straf wat vir ons vrede moes bring, was op hom, deur sy wonde het daar vir ons genesing gekom.”

Ons kan daarom voor God verskyn, soos Moses en Jesaja, én bly leef, omdat Jesus voor God verskyn en gesterf het. Die Hebreërskrywer sê ([10:19](#)): “Broers, ons het dus nou deur die bloed van Jesus vrye toegang tot die heiligdom ...”

Vrye toegang! Sonder vrees! Sonder om op 'n afstand te huiwer! Dit is mos Evangelie! Prys God daarvoor, en “... laat ons tot God nader” ([Heb. 10:22](#)).

Prins vermoor slawedrywer; vlug landuit

MEMPHIS. – Die koningshuis is in 'n ernstige krisis gedompel toe prins Moses van moord op 'n slawedrywer aangekla is.

Die moord is gepleeg toe Moses die bouwerke gaan besigtig het waar die Hebreërs dwangarbeid verrig. Hy het gesien hoe een van die toesighouers 'n weerbarstige slaaf regsien. Hy het daarop die Egiptenaar doodgeslaan en sy lyk onder die sand toegekrap. Toe die moord rugbaar geword het, het hy na Midian gevlug om aan die woede van sy oupa te ontkom. Farao Sethos het hom in sy afwesigheid ter dood veroordeel.

Dit is bekend dat farao Sethos nie besonder geheg is aan Moses nie. Moses is naamlik nie 'n eie kleinseun van hom nie. Een van sy dogters het hom as baba aangeneem, en hoewel die paleis dit tot nog toe nie wou bevestig nie, is hy na bewering 'n Hebreër.

Die farao waarsku al vir baie jare dat die Hebreërs 'n bedreiging vir die volksveiligheid inhou. Baie Egiptenare het destyds die wenkbroue gelig oor die maatreëls wat hy ingestel het om hulle getalle te beperk. Die jongste voorval bevestig nou dat die farao se optrede teen die Hebreërs oor die jare geregverdig was. Daar het ná die moord trouens verskeie stemme opgegaan dat daar nou eens en vir altyd 'n plan gemaak moet word met die Hebreeuse gemeenskap in Egipte.

- Lees hiervan in [Eks. 2:11-24](#).

Man sterf tragies; ark bly by die

Filistyne

JERUSALEM. - 'n Optog wat as 'n triomfmars van koning Dawid bedoel is, het tragies geëindig toe een van die sleutelfigure op 'n onverklaarbare wyse sterf het.

Die tragedie het hom afgespeel toe koning Dawid die verbondsark na Jerusalem wou bring. Die ark het vir etlike dekades gestaan in die huis van Abinadab by Kirjat-Jearim, 'n Filistyns-beheerde dorpie ongeveer twaalf kilometer van Jerusalem af. Die ark, wat vir die Israeliete 'n simbool van God se teenwoordigheid is en nog op bevel van hulle groot leier Moses gemaak is, het jare gelede in vreemde hande beland toe die Filistyne dit in die slag van Afek gebuit het, op dieselfde dag dat die priester Eli en sy twee seuns Hofni en Pinehas gesterf het. Gedurende die hele regeringstyd van koning Saul was daar nie 'n geleentheid om die ark terug te bring nie. Nadat koning Dawid die Filistyne in die Spooklaagte beslissend verslaan het, is hy nou in 'n posisie om hierdie heilige simbool na Jerusalem te bring.



Ussa langs die wa met die verbondsark

In 'n optog wat soos 'n militêre triomfmars uitgevoer is, het Dawid die ark gaan haal. Sy hele leer het hom vergesel. Die ark is op 'n nuwe wa gelaai, en die twee seuns van Abinadab het vir oulaas die ark wat vir soveel jare in hulle pa se huis gestaan het, vergesel. Toe die osse by die dorsvloer van Nakon struikel, het die een seun, Ussa, met sy hand gekeer dat die ark van die wa afgly. Toe hy egter aan die ark raak, het hy dood neergeslaan.

Die koning, wat in daardie stadium voor die ark uit gedans het, was so ontsteld dat hy die optog net daar gekanselleer het. Die ark staan nou by die Filistyn Obed-Edom.

Dit is nog nie bekend wat die oorsaak van Ussa se dood is nie.

- Lees hiervan in [2 Sam. 6](#).
-

Die Bybelkoerant

Nie halsoorkop nie

Moses het, namate hy grootgeword het, algaande besef dat daar 'n besondere verantwoordelikheid op sy skouers rus om sy mense te help. Hy het immers op 'n baie spesiale manier in die paleis van die onderdrukker beland. En toe hy by sy mense kom en die haglike omstandighede sien, spring hy sommer net daar in om iets te doen. Ongelukkig het hy in sy voortvarendheid die verkeerde opsie gekies, en moes hy vlug. Dit sou nog jare duur (veertig jaar volgens [Hand. 7:30!](#)) voordat daar weer 'n geleentheid gekom het om sy mense te help.

Dawid moes ook op die harde manier leer dat goeie bedoelings alleen nie genoeg is om 'n saak suksesvol deur te voer nie. Dawid het nie sy huiswerk gedoen nie. In die Bybel is daar uitvoerige voorskrifte oor hoe die verbondsark vervoer moet word (lees gerus [Num. 4:5, 6 en 15](#)). Onder andere beveel God dat die ark deur priesters in 'n gewyde optog gedra sal word met spesiale draaghoute. Nooit mag die ark soos 'n trofee op 'n wa gelaai word nie!

“Julle krag lê in stil wees en vertrouê hê,” is die raad wat die Here by monde van Jesaja ([30:15](#)) aan sy volk gee as hulle halsoorkop in 'n saak wil indons. Want eers as jy jou fyn instel op God se leiding, eers as jy “op die Here wag” ([Ps. 131:3](#)), eers dán kan jy met vertrouê 'n saak aanpak en dit suksesvol deurvoer, soos Dawid drie maande later gedoen het. Dit moes Moses ook leer. Daarvoor moes hy jare in die skool van die vrome priester Jetro in Midian gaan bly.

Stel jou tog fyn in op God se leiding!

Hebreërs spel gevaar, sê farao

MEMPHIS. - Die farao het gister die ganse Egiptiese volk opgeroep om te help om die snelle aanwas onder die Israelitiese bevolking te stuit. Hy het gesê die Hebreërs se getalle neem sodanig toe dat dit 'n ernstige bedreiging vir die stabiliteit in die land kan word. Daarom beveel hy die hele volk om elke pasgebore Israelitiese seuntjie in die Nyl te gooi. Die dogtertjies mag egter bly lewe.

Die dekreet het 'n vloedgolf van verontwaardiging en selfs protes in humanitêre kringe tot gevolg gehad. Farao Sethos het hulle verseker dat dit die laaste uitweg is. "As ons nie baie gou dié aanwas hokslaan nie, sit ons binne 'n paar jaar met 'n nasionale ramp van ongekeerde omvang," het hy gesê in antwoord op besware. Hy het statistieke aangehaal wat daarop dui dat die Hebreërs alreeds 'n getalsoorwig teenoor die Egiptenare het. Alleen is hulle nie veel werd nie, het hy gesê, maar as hulle hulle in geval van oorlog by die vyand skaar, is daar probleme.

Die farao het verduidelik dat hy reeds twee ander metodes probeer het om hulle getalle te beperk, maar dat beide dié maatreëls misluk het. Sy eerste plan was om die hele volk met dwangarbeid te onderdruk. Toe dit alleen nie die gewenste uitwerking gehad het nie, het hy die Israelitiese vroedvroue versoek om die seuntjies by geboorte dood te maak, maar hulle het nie hulle samewerking gegee nie. Dus het hy nou geen ander keuse nie as om dié drastiese maatreël in te stel.

Ons het verneem dat die Israelitiese leiers 'n dringende versoek tot die farao gerig het om hulle te woord te staan, maar volgens 'n paleiswoordvoerder is sy program tans te vol om hulle in te pas.

- Lees hiervan in [Eks. 1:8-22](#).

MENSESLAGTING IN NOB

GIBEA. – Vyf en tagtig priesters met hulle vrouens, kinders en al – dit is al die inwoners van die priesterdorpie Nob – is gister op bevel van koning Saul met die swaard uitgewis. Die teregstelling volg op beweringe deur Doëg die Edomiet dat die priesters van Nob teen die koning saamgesweer het deur die voortvlugtige Dawid seun van Isai te help ontsnap.

Die oorledenes behoort almal tot die familie van die priesterhoof Agimelek, seun van Agitub. Die enigste oorlewende is Agimelek se seun Abjatar, wat daarin geslaag het om te ontvlug. Ons het verneem dat hy hom intussen by Dawid aangesluit het.

In die summiere verhoor hier het Agimelek getuig dat hulle in goeie trou gehandel het toe hulle Dawid ontvang het, aangesien hulle onbewus daarvan was dat hy vir die koning gevlug het. Saul wou egter nie hulle storie glo nie, en het sy amptenare beveel om almal te dood. Niemand, selfs nie sy lojaalste amptenare, wou 'n hand teen die priesters ophig nie. Uiteindelik het Doëg toe man-alleen al die inwoners van Nob gedood.

Dié jongste vergryp van koning Saul laat die vraag ontstaan of hy nog geskik is om die volk te lei. Al meer mense is bekommerd daaroor dat sy obsessie oor Dawid besig is om sy gesonde oordeel aan te tas.

- Lees dié gruverhaal in [1 Sam. 22](#).

GEBOORTES

Ben Kehat. Amram die Leviet en Jogebed het die pragtigste seuntjie en boetie vir Aäron en Mirjam van die Here ontvang. Dank aan die God van ons vaders, en aan die vroedvroue Sifra en Pua.

- Lees hiervan in [Eks. 2:1-10](#); [6:17,19](#).

Die Bybelkoerant

Is die duiwel is los? Nog nooit!

'n Mens skrik eintlik as jy sien tot watter uiterstes die duiwel sal gaan om God se groot plan met hierdie wêreld te fnuik. Dit is duidelik dat hy hom nie steur aan enige reëls nie. Vir hom het 'n mens se lewe – of dit nou 'n priester, 'n vrou of 'n pasgebore babatjie is, maak nie verskil nie – geen betekenis nie.

Wat amper nog meer ontstellend is, is die feit dat hy daarmee wegkom. 'n Mens vra jouself die vraag af: hoekom laat God dit toe? Gee Hy dan nie om dat onskuldige mense gedood word nie?

God gee om, meer as wat ons ooit kan verstaan. In [Ps. 116:15](#) staan dit immers uitdruklik: “Vir die Here is die dood van sy troue dienaars geen geringe saak nie.” En tog laat Hy toe dat sy kinders ly en selfs sterwe. Hoekom, weet ons nie.

Wat ons wel weet, is dat die duiwel nie die laaste woord inkry nie; dat hy nooit, al probeer hy hóé hard, sal wen nie. Daarom haas die verteller van die Eksodusverhaal hom om vir ons van die geboorte van Moses te vertel. Want hy wil vir ons sê: God is nie onkant betrap deur die gebeure nie. Hy het 'n plan waarby Hy farao se eie dogter betrek.

Natuurlik sou dit nog jare duur voordat Moses oud genoeg was vir God se plan. Maar hy wat glo, is bereid om op God te wag.

Waar is Kain?

EDENVERLOREN. - Talle onbeantwoorde vrae hang steeds oor die kop van Kain, oudste seun van Adam en Eva, nadat hy na bewering sy broer Abel doodgemaak het. Was dit vergelding? Was dit jaloesie? Was dit in koelen bloede? Of was dit bloot 'n geval van 'n bakleiery wat hand-uit geruk het?

Bybelkoerant het verlede week berig dat Kain ná die moord na Nod gevlug het. Op daardie stadium was dit egter onduidelik wat die rede vir sy vertrek is. Bespiegeling was volop, soos dat hy uit skaamte of skuldgevoel weg is, of nie kans gesien het om sy ouers in die oë te kyk ná sy vergryp nie. Ons kan nou berig dat daar 'n baie dieper rede vir sy vertrek was: hy is deur God vervloek.

Sover ons kan vasstel, het God met Kain 'n gesprek gehad kort ná Abel se dood. Dit was nie God se eerste besoek aan Kain nie. Hy was ook vóór die moord by hom om hom te waarsku om sy humeur en jaloesie te beteuel. En toe, ná die moord, het God hom weer opgesoek. Die heel eerste vraag wat God hom gevra het, is waar sy broer Abel is. Kain was blykbaar baie aggressief en selfs astant teenoor God, en het bars gesê dis nie sy probleem nie; hy is nie verantwoordelik vir sy broer nie.

Dit was hierop dat God Kain vervloek en verban het tot 'n swerwersbestaan.

Ons korrespondent in Nod het laat weet dat Nod 'n wildernisgebied is wat glad nie geskik is vir landbou nie. Hoewel Kain 'n saaiboer is, sal hy onmoontlik met sy saaiboerdery kan voortgaan as hy hom in Nod gaan vestig. Hy beoog nou om 'n jagter te word, want daar is glo heelwat wild in Nod.

- Jy kan meer oor die gesprek tussen God en Kain lees in [Gen. 4:6-16](#).
-

Om oor na te dink

Wanneer 'n mens Gen. 3 en Gen. 4 langs mekaar neersit, is daar 'n opvallende ooreenkoms. In beide hoofstukke lees ons van sonde; eers die sonde van

ongehoorsaamheid teenoor God met die eet van die verbode vrug, en toe die sonde van moord. Wanneer God ná hierdie sondes opdaag, kom Hy in beide gevalle met 'n vraag. Vir Adam en Eva vra Hy in [Gen. 3:9](#): “Waar is jy?” en vir Kain vra Hy in [Gen 4:9](#):: “Waar is jou broer?”

Hierdie eerste twee vrae van God gaan oor die twee groot verhoudings waarin die mens staan: die verhouding met God, en die verhouding met die naaste. As die een skeefloop, ly die ander verhouding noodwendig daaronder. Daarom dat Jesus in [Matt. 22:36-40](#) die hele wet van God saamvat met die eis dat ons God met ons hele wese moet liefhê, en ons naaste soos onself. Johannes skryf in 1 Joh. 4:20 hieroor: “As iemand sê: ‘Ek het God lief, en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie.”

Die vraag na ons liefde tot God word beantwoord in ons optrede teenoor ons naaste. Wat antwoord jý op God se twee groot vrae?

RAMP TREF EDEN!

Adam en Eva se toekoms in Paradys onseker

Van ons Ou Testament redaksie

EDEN. - 'n Ramp het vanoggend dié idilliese tuin getref toe Adam en Eva direk teen God se uitdruklike opdrag in geëet het van die vrugte van die boom van alle kennis.

'n Geskokte stilte hang al die hele dag oor die tuin, en die vraag wat op almal se lippe is, is wat nou van Eden gaan word. 'n Kenner het daarop gewys dat God hierdie tuin spesiaal vir Adam en Eva aangelê het. Daar bestaan egter twyfel of God sal toelaat dat hulle ná hierdie daad van verraad nog in die tuin sal kan agterbly. Pessimiste verwag selfs 'n summiere teregstelling as God van die misdaad te hore kom, aangesien Hy van die begin af gewaarsku het dat die dood wag op dié een wat van die vrugte eet.

Ondertussen kon Adam en Eva nog nie vir kommentaar opgespoor word nie. Hulle skuil vermoedelik iewers tussen die bome uit vrees vir God se besoek later vandag.

- Lees meer hieroor in [Gen. 3:1-8](#).

Nuwe God vir Israel?

SINAIBERG. - Die Israelitiese hoofpriester, Aäron, het wenkbroue laat lig toe hy vandeeweek hier die volk opgeroep het om mildelik goud by te dra vir die maak van 'n standbeeld van 'n goue kalf.

Die oproep volg op 'n eis van die volk vroeër dat hy vir hulle 'n god moet maak, aangesien hulle leier, Moses, al meer as vyf weke gelede teen Sinaiberg uitgeklim het om hulle God te ontmoet, en sedertdien nog nie weer gesien is nie. Die vermoede bestaan dat hy in 'n ongeluk op die berg omgekom het.

Aäron het beskuldigings dat hy die volk verlei om 'n afgod te aanbid, heftig ontken. "Ek wil nie 'n nuwe god invoer nie; ek wil slegs die volk tegemoetkom deur vir hulle 'n tasbare, sigbare beeld te gee wat hulle met God in verband kan bring. Die beeld stel ons God, Jahwe, se rydier voor - God bly steeds die Onsigbare, maar nou weet ons minstens waar Hy is as ons wil aanbid. Ek het juis 'n fees tot sy eer afgekondig vir môre."

Nie al die Israeliete is egter opgewonde oor Aäron se plan nie. "Dit is vir my onbegryplik dat die volk, met Aäron aan die spits, hulle rug kan draai op Jahwe, ná alles wat Hy vir ons gedoen het om ons uit Egipte te red en by die Rietsee te bevry," het 'n bewoë Kaleb, een van die lojale ondersteuners van Moses, kopskuddend opgemerk. "Sonder God se leiding is ons verlore. As ons mense nie baie gou tot hulle sinne kom nie, gaan hier 'n groot ramp kom, dié kan jy weet."

Kenners waarsku ook dat Aäron met vuur speel. Hulle wys daarop dat hy met hierdie toegewing die eerste tree gegee het na afgodsdiens.

- Lees hiervan in [Eks. 32:1-5](#).

Leuen kos egpaar hul lewe

Van ons Nuwe Testament redaksie

JERUSALEM. - 'n Bekende egpaar van die stad, Ananias en Saffira, het gister hier tragies gesterwe by 'n byeenkoms van die nuwe sekte wat hulleself "Volgeling van Jesus Christus" noem.

Geskokte lede van die sekte vertel dat die egpaar ten aanskoue van almal by een van hulle samekomste dood is; eers Ananias, en omtrent drie uur later ook sy vrou Saffira. Die oorsaak van hulle dood is nie bekend nie. "Hulle het net eenvoudig in mekaar gesak en op die plek gesterf," het 'n hartseer vriendin gesê.

Die leier van die sekte, Simon Petrus, het egter kort ná die voorval 'n verklaring uitgereik waarin hy hulle dood as "'n vingerwysing van God" bestempel het. Volgens hom het hulle saamgesweer om vir die gemeente te lieg oor die verkoopprys van 'n stuk grond. "In der waarheid het hulle egter vir God gelieg, en dít mag nie onder gelowiges nie."

- Lees hiervan in [Hand. 5:1-11](#).

Om oor na te dink

Sonde is en bly 'n raaisel - 'n raaisel dat enige iemand dit selfs kan oorweeg om 'n wonderlike, liefdevolle God te ignoreer en sy eie kop te volg.

En tog gebeur dit keer op keer, nie net in Eden en aan die voet van Sinaiberg en in die boesem van die eerste gemeente nie, maar vandag nog, in ons eie lewe! Nie een van ons kan immers die verdoemende uitspraak van die Bybel ontkom nie: "Almal het gesondig en is ver van God af " ([Rom. 3:23](#)).

Laat ons dus nie té gou ons koppe meewarig skud oor die sonde van andere nie. Laat ons liever vandag 'n oomblik stil word en sonde sien vir wat dit is: onverstaanbare opstand teenoor dié God wat sy alles vir ons oor het én gegee het.

Sal ons dan daarmee voortgaan?